

3. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LE:

Die verhaal van Noag - God is lief vir Noag - Genesis 6 - 7

Soos die tyd verbygegaan het, het die mense meer en meer sonde gedoen. Toe God sien wat hulle doen, was Hy jammer dat Hy mense gemaak het. Toe sê Hy: "Ek gaan al hierdie mense en hulle diere van die aarde uitwis."

Maar daar was een man, Noag, met wie God tevrede was. Noag het God baie liefgehad. Hy was gehoorsaam en het gedoen wat God vra. Hy was sommer baie anders as die ander mense.

Op 'n dag sê God vir Noag: "Die mense doen verkeerde dinge. Hulle het My nie lief nie. Ek gaan die aarde verwoes. Ek gaan baie reën stuur. Die slegte mense sal almal verdrink. Maar Ek sal vir jou sorg. Ek wil hê jy moet 'n groot skip, 'n ark, bou." Die skip moet baie groot wees. Daar moet plek vir diere ook wees. Dit moet drie verdiepings hê. Aan die een kant moet daar ook 'n deur wees."

Die mense lag en spot en sê: "Kyk daardie groot skip en hier is nie eens water nie." Noag sê: "Julle moenie spot nie. God is baie kwaad. Hy het gesê Hy gaan die aarde verwoes en julle gaan almal verdrink."

Noag het presies gemaak soos God gesê het. Hy het baie jare lank aan die ark gewerk totdat dit klaar was.

Die Here het vir Noag gesê: "Nou moet jy en jou familie en die diere in die ark gaan. Oor sewe dae gaan Ek 'n oorstroming oor die aarde laat kom. Dit gaan 40 dae en 40 nagte aanhoudend reën.

Noag en sy familie het die ark ingegaan. Die diere, voëls en insekte het twee-twee na Noag toe gekom en die ark ingegaan. 'n Mannetjie en wyfie. Een paar van die onrein diere en sewe pare van die rein diere het by die ark ingegaan. Toe maak God die deur van die ark toe. Daarna het God dit vir 40 dae en 40 nagte aaneen laat reën sodat al die mense en diere wat nie in die ark was nie, verdrink het. Net Noag en sy mense en die diere in die ark het niks oorgekom nie.

3. Die verhaal van Noag - God is lief vir Noag - Genesis 6 - 7

Inleidende aktiwiteit: Speel saam Simon Says. Kies wie gaan die opdragte gee en wie gaan dit uitvoer. Wanneer jy die opdrag gee, met 'Simon says' vooraan, moet die ander die opdrag uitvoer. Wanneer jy slegs die opdrag gee, sonder 'Simon says' vooraan moet daardie opdrag nie uitgevoer word nie. As iemand dit wel doen, is hulle uit. Hier is 'n klompie idees:

- Lig jou voet so hoog soos jy kan;
- Byt jou lip;
- Gaap;
- Maak jy klim 'n berg;
- Knip jou linkeroog;
- Kielie jou voet;
- Drukkie jouself;
- Loop soos 'n krappie;
- Ballerina dans;
- Maak asof jy 'n robot is.

Vrae:

- Hoe moet jy maak om nooit uitgevang te word met die Simon Says speletjie nie? (Jy moet baie mooi luister na die opdrag en dit presies so doen.)
- Daar is 'n groot woord vir mooi luister en doen soos daar gevra word. Wie dink hulle weet wat daardie woord kan wees? (Gehoorsaamheid)

Lees nou saam die Bybelstuk - Die verhaal van Noag - God is lief vir Noag.

Vrae:

1. Wie in ons storie van vandag was lief vir God en het geluister na God? (Noag)
2. Wat het God vir Noag gesê om te bou? ('n Ark)
3. Wat is 'n ark? ('n Baie groot skip.)
4. Hoekom het God vir Noag gesê om 'n ark te bou? (God wou dit baie laat reën en al die water sou die hele aarde bedek.)
5. Het Noag gedoen wat God gevra het? (Ja)
6. Hoekom dink jy is dit belangrik om te doen wat God van ons vra?
7. Ons het gelees hoe God vir Noag, sy familie en die diere beskerm het. Beskerm God vandag nog Sy kinders?

Aktiwiteit: Luister saam na die liedjie - I will follow

Gebedsgids:

- Vra die Here om jou te help om ook so na Hom te luister soos Noag geluister het;
- God het vir ons elkeen 'n werk. Sê vir God dankie vir jou spesiale werk en vra Hom om jou te help om daardie werk te kan doen en dat jy sal weet Hy is altyd met jou.